




OLD MUTUAL SUPERFUND

SPEZIALE NUUSFLITS VIR LEDE



SUID-AFRIKA SE 2020-BEGROTING IN 'N NEUTEDOP


Die nasionale begroting van die Minister van Finansies, Tito Mboweni, het skerp besnoeiings aan die staatsamptenaar-loonrekening voorgestel. Die besluit om nie enige nuwe belastingverhogings in die begroting in te stel nie, is 'n groot oorwinning vir Suid-Afrikaners in kontantnood wat sukkel met die gevolge van swak ekonomiese groei en stagnante inkomstevlakke.

Ongelukkig word voorsien dat elektrisiteitsnood groei vir die volgende paar jaar sal beperk. Die regering werk aan die elektrisiteitsnooduitdaging. Oor die volgende drie jaar word die energie-uitgawes op R150 miljard geraam, wat 'n vyfde van die totale infrastruktuurbesteding uitmaak.

Rokers en alkoholgebruikers het weereens nie die 2020-begroting vrygespring nie. Hierdie jaar was daar 'n ekstra hou – gemik op "vapers". Van nou af sal "vapers" die hand dieper in die sak moet steek vir 'n dampie.

Die jaarlikse bydraelimit op belastingvrye spaarrekening is verhoog na R36 000 per belastingjaar, 'n algehele verhoging van

R3 000 per belastingjaar.




Geen oordragkoste vir eiendomme van R1 miljoen of minder

BTW ONVERANDERD

Inkomstebelasting: Bo-inflasie-aanpassings aan belastingkortings en -kerwe beteken 'n hoër netto salaris

Valutabeheer Verwydering van die meeste valutabeheerregulasies vir individue, maar strenger belastingbehandeling



VERHOEGINGS IN BRANDSTOFFEHEFFINGS

Die algemene brandstofheffing sal verhoog met 16 sent per liter en die Padongeluksfondsheffing sal verhoog na 9 sent met ingang 1 April 2020.

Dit verhoog:

- die algemene brandstofheffing tot R3.70 per liter brandstof en tot R3.55 per liter diesel
- die Padongeluksfondsheffing tot R2.07 per liter vir sowel brandstof as diesel

VERHOEGING VAN HEFFING OP PLASTIEK-SAKKE

Die heffing op plastieksakke sal van 1 April 2020 verhoog van 12 sent tot 25 sent per sak.

VERANDERINGE WAT 'N IMPAK HET OP AFTREEFONDSE

Die Regering en die Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings- en Arbeidsraad (NEDLAC) het ooreengekom om voort te gaan met aftreehervorming verwant aan die harmonisering van alle aftreevoordele ingesluit voorsorgfondse. Daar word aanvaar dat dit 'n heenwysing is na die voorsorg- en voorsorginstandhoudingsfonds-annuïteiteregimes wat op 1 Maart 2021 in werking sal tree. Hierdie verandering beteken dat lede wat uit voorsorgfondse aftree ten minste twee derdes van hulle kapitaal by aftrede moet omskakel in 'n vaste maandelikse pensioen. Hierdie verandering sal slegs van toepassing wees ten opsigte van toekomstige bydraes wat vanaf 2021 af gemaak word.

Indien dit wel voortgaan, sal dit die voordeel bied van die vereenvoudiging van die aftreelandskap. Alle aftreefondse mediums (pensioen, voorsorg- en aftree-annuïteitsfondse) sal dieselfde belastingaftrekbaarheid bied op bydraes (tot 27.5% van inkomste met 'n boperk van R350 000 per jaar is belastingaftrekbaar), dieselfde belastingvrye opbrengste en dieselfde voordele tydens aftrede.

HOU IN GEDAGTE:

'n Manier om u direkte belasting te verminder, is om ten volle gebruik te maak van die ruim belastingvermindering wat SARS bied ten opsigte van bydraes tot goedgekeurde pensioen- of voorsorgfondse (soos Old Mutual SuperFund) of uitree-annuïteitsfondse (AA).

As 'n lid van die Old Mutual SuperFund, kan u u spaargeld vermeerder deur ekstra vrywillige bydraes te maak. Kontak eenvoudig u Menslike Hulpbronne-afdeling (MH) om uit te vind hoe.



CORPORATE
DO GREAT THINGS EVERY DAY

Indemnity: While every effort has been made to ensure that the information in this newsletter is correct, Old Mutual SuperFund Pension and Provident Funds and Old Mutual take no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of their reliance on the information contained herein. Old Mutual is a licensed Services provider.